Kampus-Beeld, Woensdag 12 Maart 2008



Ure se harde werk dra vrugte. Die Universiteit van Pretoria se simfonieorkes se *Romantic Russia Revisited* het die gehoor telkemale op hul voete gehad.



Die Universiteit van Pretoria se simfonieorkes het soos een mens hul dirigent, Eric Rycroft, gevolg.

# Simfonieklanke betower, besiel

Rialda Appelgryn

Die afwagting hang soos swaar parfuum in die lug.

Die oomblik wanneer jy jou voet in die Musaion sit, word jy meegevoer met klanke wat eeue lank al betower.

Die eerste note van die Universiteit van Pretoria se simfonieorkes (UPSO) vul die teater en elkeen begin luister met sy hart en siel, want geen woorde kan dit ooit beskryf nie.

'n Honderd en een individue reageer soos een organisme op die dirigent se hipnotiese gebare. Die oorvloed klanke pas en vloei perfek. Die een oomblik sweef jy lig soos 'n veer op sysagte klanke, die volgende dwarrel jy soos 'n blaar in 'n storm.

Daarna mars jy met die ywer van 'n soldaat, net om die volgende oomblik soos 'n skoenlapper van blom tot blom te fladder.



UP se simfonieorkes het die gehoor gaande gehad met hul onlangse optrede in die Musaion.
Foto's: THEANA CALITZ

Die UPSO se opvoering van *Romantic Russia Revisited* het die gehoor gereeld in dawerende applous en staande toejuiginge laat losbars.

*"Same shit, different day"*, staan op een van die musikante se kouse. Vir die gehoor is dit egter 'n ervaring wat hulle lank sal bybly.